



Posbus 27, Orania, 8752
Tel: (053) 207 062
Fak: 086 693 5385
oraniabeweging@co.za
www.orania.co.za

Orania Beweging Helpsaamfonds

Orania is 'n gemeenskap wat na selfstandigheid strew. Dit sluit ook selfstandigheid en volhoubaarheid op maatskaplike terrein in. Orania is dus 'n gemeenskap vir wie die welstand van al sy inwoners belangrik is.

Die Helpsaamfonds volg 'n strategie waarin langtermynoplossings gevolg word. Dit beteken dat deeglike beredenering en beplanning elke projek voorafgaan.

Met die beperkte begroting tot sy beskikking, kon die Helpsaamfonds in 2013 weer al die beplande projekte deurvoer. Daar is op uiteenlopende terreine hulp verleen. Dit is egter ook waar dat Orania se groei behoefte aan meer maatskaplike dienste tot gevolg het.

Die Helpsaamfonds is afhanklik van goedgesinde ondersteuners, daarom is kommunikasie deurgaans belangrik. Een algemene inligtingspamflet en eeninligtingspamflet oor die gesinsbehuisingsprojek is vanjaar gedruk. Daar is ook 'n brief na ondersteuners gestuur om meer van die werksaamhede van die Helpsaamfonds te vertel.

1. Onderwys en opleiding

Die direksie van die Helpsaamfonds beskou onderwys en opleiding as deurslaggewend vir die opheffing van Afrikaners uit swak maatskaplike omstandighede. Daarom is daar in 2013 voortgegaan om maandelikse beurse aan altwee die skole in Orania te betaal sodat die kinders van ouers wat nie skoolfonds kan bekostig nie, ook geskool kan word. Daar is 'n verdere groot behoefte aan ondersteuningsonderwys in Orania. Die Helpsaamfonds het ook hiervoor begroot. Daar word van die skole verwag om voorleggings te maak indien hulle behoefte het aan finansiering van ondersteuningsonderwys. Bouers en vakmanne kan 'n groot rol speel in die ontwikkeling van Orania, daarom is daar weer begroot vir die opleiding van bouers.

2. Ondersteuning aan die Orania Maatskaplike Raad

Die Orania Maatskaplike Raad word ook steeds maandeliks ondersteun sodat 'n gemeenskapswerker, me Heidi Smit, in diens gehou kan word. Sy verrig tans 'n noodsaaklike diens deur die fasilitering van behoeftige persone se probleme, hulpverlening of verwysing na kundige persone waar dit nodig is. Sy verrig ook algemene werk, soos die uitdeel van noodkos in gevalle waar mense nie kos het nie. Me Smit het ook begin om die persone wat afhanklik is van gereelde rantsoene of ander hulp te organiseer om by die aandmark op Vrydae pannekoek te bak sodat hulle self 'n inkomste kan verdien. Sodoende word die beginsel dat behoeftige persone gehelp word om hulleself te help, in stand gehou.



Posbus 27, Orania, 8752
Tel: (053) 207 062
Fak: 086 693 5385
oraniabeweging@co.za
www.orania.co.za

3. Maatskaplike werker

Daar is lank reeds 'n behoefte aan 'n geregistreerde maatskaplike werker in Orania. Die Helpsaamfonds het geld bewillig vir die aanstel van 'n persoon en sal die pos met die hulp van 'n ander maatskaplike organisasie finansier.

4. Kliniek

Die nuwe Orania-kliniek is op 14 Junie 2013 amptelik geopen. Die projek is met die samewerking van die Orania Dorpsraad uitgevoer. Die Helpsaamfonds was verantwoordelik vir die aankoop van die boumateriaal terwyl Dorpsraad die arbeid beskikbaar gestel het om die gebou te herstel. Sodoende word 'n gemaklike en menswaardige ruimte beskikbaar gestel waar die Noord-Kaapse Departement van Gesondheid weekliks dienste aan behoeftige pasiënte kan lewer. 'n Gemiddeld van 1090 konsultasies per maand is van Januarie tot Mei 2013 by die kliniek gedoen.

5. Europese skakeltoer

Tydens die Europese skakeltoer is verskeie instellings besoek. Daar is aanbiedinge by verskeie organisasies gedoen, onder meer die Max Willers Marnixring, die NZAW, die Vriende van Suid-Afrika in Gent en die Vriende van Orania in Suid-Tirol. Dit het tot gevolg gehad dat die instellings weer opnuut hulle steun vir die Helpsaamfonds bevestig het en heelwat finansiële bydraes is van hierdie organisasies ontvang.

6. Nerina-woonstelle

Die woonstelle is deurentyd verhuur en daar bestaan 'n waglys van belangstellendes. Mev Carina van Vuuren is steeds die opsigter en kwyd haar goed van haar taak. Die gebou en tuin het deurentyd onderhoud nodig, maar is 'n ware aanwinst vir Orania se voorkoms. Besoekers lewer gereeld gunstige kommentaar oor Nerina.

7. Olienhout-woonstelle (voorheen die Deurgangsbehuising)

Geboue om nuwe aankomelinge in Orania te vestig is 'n aantal jaar gelede opgerig. Die doel met die behuising was om tydelike behuising te verskaf totdat die persone ander huisvesting kon bekom. Daarom was die geboue baie basies. Die behoefte aan behuising in Orania is egter so groot dat die huise as permanente verblyf ingespan moes word. Die geboue het egter ook 'n paar strukturele foute gehad. Die Helpsaamfonds het bygedra om die geboue te herstel en om te skakel sodat meer geskik is vir permanente verblyf. Die werk aan die eerste twee woonstelle is afgehandel. Die naam is intussen ook verander na Olienhout.



Posbus 27, Orania, 8752
Tel: (053) 207 062
Fak: 086 693 5385
oraniabeweging@co.za
www.orania.co.za

8. Steen vir Steen 3

Die projek om gesinsbehuising op intreevlak te verskaf, is die grootste projek wat die Helpsaamfonds nog aangepak het. Die planne vir twaalf woonstelle is deur die plaaslike argitek Christiaan van Zyl geteken en Rikus van Staden is die projekbestuurder. Die bouwerk aan die woonstelle het reeds begin en sal voorsien in 'n groot behoefte aan bekostigbare gesinsbehuising in Orania. Die eerste vier woonstelle behoort teen Junie 2014 gereed te wees vir intrekkers.